

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA



PUBLISHED BY AUTHORITY

UITGAWE OP GESAG

20c Tuesday 22 May 1979 WINDHOEK Dinsdag 22 Mei 1979 No. 3968

CONTENTS:

INHOUD:

Page

Bladsy

**GOVERNMENT NOTICES:**

No. AG. 36 Amendment of Regulations Made Under the Apprenticeship Ordinance, 1938 (Ordinance 12 of 1938) 1

No. AG. 37 Notice under Section 15(2) of the Apprenticeship Ordinance, 1938 (Ordinance 12 of 1938) 2

**GOEWERMENSKENNISGEWINGS:**

No. AG. 36 Wysiging van Regulasies Uitgevaardig Kragtens die Vakleerlinge Ordonnansie, 1938 (Ordonnansie 12 van 1938) 1

No. AG. 37 Kennisgewing Kragtens Artikel 15(2) van die Vakleerlinge Ordonnansie, 1938 (Ordonnansie 12 van 1938) 2

## Government Notices

## Goewermentskennisgewings

office of the  
ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE  
TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

kantoor van die  
ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE  
GEBIED SUIDWES-AFRIKA

No. AG. 36 1979

No. AG. 36 1979

AMENDMENT OF REGULATIONS MADE UNDER THE APPRENTICESHIP ORDINANCE, 1938 (ORDINANCE 12 OF 1938)

WYSIGING VAN REGULASIES UITGEVAARDIG Kragtens die VAKLEERLINGE ORDONNANSIE, 1938 (ORDONNANSIE 12 VAN 1938)

The Administrator-General has under section 21 of the Apprenticeship Ordinance, 1938, made the regulations set out in the Schedule.

Die Administrateur-generaal het kragtens artikel 21 van die Vakleerlinge Ordonnansie, 1938, die regulasies vervat in die Bylae uitgevaardig.

### SCHEDULE

### BYLAE

*Amendment of regulation 2 of the regulations published by Government Notice 48 of 1 March 1956*

*Wysiging van regulasie 2 van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 48 van 1 Maart 1956*

1. Regulation 2 of the regulations published by Government Notice 48 of 1 March 1956 (hereinafter referred to as the regulations), is hereby amended—

1. Regulasie 2 van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 48 van 1 Maart 1956 (hieronder die regulasies genoem), word hierby gewysig —

(a) by the substitution in paragraph (b) of subregulation (6) for the words "or an amount of £ 4.4.0 per day or part of a day, whichever is less" of the words "or at a tariff of R13,50 per day and R0,56 per hour in respect of every full hour in excess of 24 hours, or in excess of a multiple of 24 hours"; and

(b) by the insertion of the following paragraph after the said paragraph (b):

"(c) For the purposes of this subregulation any reference to a member of an apprenticeship committee, shall be construed as including a reference to a member of a subcommittee of such apprenticeship committee."

(a) deur in paragraaf (b) van subregulasie (6) die woorde "of anders 'n bedrag van £ 4.4.0 per dag of dagdeel, watter ook al die minste is" deur die woorde "of teen 'n tarief van R13,50 per dag en R0,56 per uur ten opsigte van elke volle uur bo 24 uur, of bo 'n veelvoud van 24 uur" te vervang; en

(b) deur die volgende paragraaf na genoemde paragraaf (b) in te voeg:

"(c) By die toepassing van hierdie subregulasie word 'n verwysing na 'n lid van 'n vakleerlingkomitee, uitgelê as 'n verwysing ook na 'n lid van 'n subkomitee van so 'n vakleerlingkomitee."

*Amendment of regulation 5 of the regulations published by Government Notice 48 of 1 March 1956*

2. Regulation 5 of the regulations is hereby amended by the addition of the following subregulation, the existing regulation becoming subregulation (1):

" (2) Any person who is or has been an employer shall retain any record made in terms of subregulation (1) for a period of three years and shall on demand by an officer authorised under section 17 of the Ordinance produce such records to him for inspection."

*Amendment of regulation 8 of the regulations published by Government Notice 48 of 1 March 1956, as amended by Government Notice R.2474 of 21 December 1973*

3. Regulation 8 of the regulations is hereby amended by the insertion in the first paragraph of the words "Part A of" after the words "in the form of".

*Insertion of regulation 8bis in the regulations published by Government Notice 48 of 1 March 1956*

4. The following regulation is hereby inserted in the regulations after regulation 8:

**"Apprenticeship of persons other than minors**

**8bis.** (1) Any person who wishes to bind as an apprentice any other person, who is not a minor, shall complete Part A of annexure A.O.5 and shall thereupon hand the said annexure to that other person who, after he has completed and signed Part B thereof, shall submit it to the secretary of the apprenticeship committee concerned.

(2) The secretary of the apprenticeship committee concerned shall submit the annexure referred to in

*Wysiging van regulasie 5 van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 48 van 1 Maart 1956*

2. Regulasie 5 van die regulasies word hierby gewysig deur die volgende subregulasie by te voeg terwyl die bestaande regulasie subregulasie (1) word:

" (2) Iemand wat 'n werkgewer is of was moet die aantekeninge wat hy ingevolge subregulasie (1) gemaak het vir 'n tydperk van drie jaar bewaar en moet op versoek van 'n kragtens artikel 17 van die Ordonnansie gemagtigde amptenaar daardie aantekeninge vir ondersoek aan hom voorlê."

*Wysiging van regulasie 8 van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 48 van 1 Maart 1956, soos gewysig by Goewermentskennisgewing R.2474 van 21 Desember 1973*

3. Regulasie 8 van die regulasies word hierby gewysig deur in die eerste paragraaf na die woorde "die besonderhede wat" die woorde "Deel A van" in te voeg.

*Invoeging van regulasie 8bis in die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 48 van 1 Maart 1956*

4. Die volgende regulasie word hierby in die regulasies na regulasie 8 ingevoeg:

**"Leerlingskap van persone wat nie minderjariges is nie**

**8bis.** (1) Enige persoon wat 'n ander persoon, wat nie 'n minderjarige is nie, as leerling wil verbind, moet Deel A van aanhangsel A.O.5 invul en daarna genoemde aanhangsel oorhandig aan daardie ander persoon wat nadat hy deel B daarvan ingevul en onderteken het, dit by die sekretaris van die betrokke vakleerlingkomitee moet aflewer.

(2) Die sekretaris van die betrokke vakleerlingkomitee moet die aanhangsel bedoel in subregulasie

subregulation (1) to the registrar of apprenticeship as soon as possible.”

*Amendment of regulation 10 of the regulations published by Government Notice 48 of 1 March 1956*

5. Regulation 10 of the regulations is hereby amended by the substitution for the expression “twenty five pounds” of the expression “one hundred rand”.

*Amendment of regulation 12 of the regulations published by Government Notice 48 of 1 March 1956, as added to by Government Notice 224 of 15 October 1956*

6. Regulation 12 of the regulations is hereby amended by the substitution for the first paragraph of the following paragraph:

“Not less than fifty per cent of the members representing employers and not less than fifty per cent of the members representing employees shall constitute a quorum at any meeting of a apprenticeship committee established under subsection (1) of section 11 or of a subcommittee appointed under paragraph (a) of subsection (1) of section 11bis.”

*Amendment of annexure A.O.4 to the regulations published by Government Notice 48 of 1 March 1956*

7. Annexure A.O.4 to the regulations is hereby amended by the deletion in the fourth column of the words “Race (E., A., C. or Native)”.

*Substitution of annexure A.O.5 to the regulations published by Government Notice 48 of 1 March 1956*

8. The following annexure is hereby substituted for annexure A.O.5 to the regulations:

“ ANNEXURE A.O.5  
APPRENTICESHIP ORDINANCE, 1938

This form to be used for any of the following purposes:

- (A) NOTIFICATION OF EMPLOYMENT OF A MINOR
- (B) APPLICATION FOR APPRENTICESHIP OF A MAJOR

A. 1. Name of employer

2. Address of employer’s head office

(1) so spoedig moontlik aan die registrateur van vakleerlinge voorlê.”

*Wysiging van regulasie 10 van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 48 van 1 Maart 1956*

5. Regulasie 10 van die regulasies word hierby gewysig deur die uitdrukking “vyf-en-twintig pond” deur die uitdrukking “eenhonderd rand” te vervang.

*Wysiging van regulasie 12 van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 48 van 1 Maart 1956; soos bygevoeg by Goewermentskennisgewing 224 van 15 Oktober 1956*

6. Regulasie 12 van die regulasies word hierby gewysig deur die eerste paragraaf deur die volgende paragraaf te vervang:

“Minstens vyftig persent van die lede wat die werkgewers verteenwoordig en minstens vyftig persent van die lede wat die werknemers verteenwoordig, is ’n kworum op ’n vergadering van ’n kragtens subartikel (1) van artikel 11 aangestelde vakleerling-komitee of ’n kragtens paragraaf (a) van subartikel (1) van artikel 11bis benoemde subkomitee.”

*Wysiging van aanhangsel A.O.4 by die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 48 van 1 Maart 1956*

7. Aanhangsel A.O.4 by die regulasies word hierby gewysig deur in die vierde kolom die woorde “Ras (B., A., K. of naturel)” te skrap.

*Vervanging van aanhangsel A.O.5 by regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 48 van 1 Maart 1956*

8. Aanhangsel A.O.5 by die regulasies word hierby deur die volgende aanhangsel vervang:

“ AANHANGSEL A.O.5  
VAKLEERLINGE ORDONNANSIE, 1938

Hierdie vorm moet vir enigeen van die volgende doeleindes gebruik word:

- (A) KENNISGEWING VAN INDIENSNEMING VAN ’N MINDERJARIGE
- (B) AANSOEK OM VAKLEERLINGSKAP VAN ’N MEERDERJARIGE

A. 1. Naam van werkgewer

2. Adres van werkgewer se hoofkantoor

- |   |  |
|---|--|
| 3. Address at which business is carried on . . . .<br>.....   | 3. Adres waar die bedryf onderneem word . . . .<br>.....   |
| 4. Nature of business . . . . .<br>.....  | 4. Aard van bedryf . . . . .<br>.....  |
| 5. Full name of minor or prospective apprentice<br>.....  | 5. Volle naam van minderjarige of voornemende<br>vakleerling . . . . .<br>.....  |
| 6. Date and place of birth of minor or prospective<br>apprentice . . . . .<br>.....                           | 6. Geboortedatum en geboorteplek van minder-<br>jarige of voornemende vakleerling . . . . .<br>.....   |
| 7. Home address of minor or prospective appren-<br>tice . . . . .<br>.....                                    | 7. Huisadres van minderjarige of voornemende<br>vakleerling . . . . .<br>.....   |
| 8. Is one minor or prospective apprentice a S.A.<br>Citizen? . . . . .<br>.....                               | 8. Is die minderjarige of voornemende vakleerling<br>'n S.A. Burger? . . . . .<br>.....  |
| 9. Name and address of parent or legal guardian<br>(in the case of a minor) . . . . .<br>.....                | 9. Naam en adres van ouer of wettige voog (in die<br>geval van 'n minderjarige) . . . . .<br>.....   |
| 10. Name of school last attended . . . . .<br>.....   | 10. Naam van die skool wat hy laaste besoek het<br>.....   |
| 11. Standard passed . . . . .   | 11. Standaard deurgekom . . . . .  |
| 12. Has minor or prospective apprentice attended a<br>trade school prior to entering employment? .<br>.....   | 12. Het die minderjarige of aanstaande vakleerling<br>'n ambagskool besoek voordat hy in diens<br>geneem is? . . . . .<br>.....                |
| 13. At what trade is minor or prospective appren-<br>tice employed or to be employed? . . . . .<br>.....      | 13. In watter bedryf is die minderjarige of voor-<br>nemende vakleerling in diens, of sal hy in diens<br>geneem word? . . . . .<br>.....       |
| 14. Do you wish to indenture him if satisfactory?<br>.....  | 14. Wil u 'n leerlingkontrak met hom sluit as hy be-<br>vredigende werk lewer? . . . . .<br>.....  |
| 15. On what date was minor or prospective appren-<br>tice engaged by you at the above trade? . . . .<br>..... | 15. Op watter datum is die minderjarige of voor-<br>nemende vakleerling deur u in diens geneem in<br>die bogenoemde bedryf? . . . . .<br>..... |

16. Has his service with you been continuous? . . .

.....

17. Give names of previous employers and time served at the above trade with each. Written proof of service must be attached in each case . . .

.....

18. What rate of pay is he receiving? . . . . .

.....

19. State:

(a) *Average number* of journeymen employed by you in this district during last 12 months *at the trade concerned* . . . . .

.....

(b) Actual number of journeymen employed at date of this notification *at this trade* . . . . .

.....

(c) Number of apprentices employed at date of this notification *at this trade* . . . . .

.....

(d) Number of unindentured persons other than journeymen employed at date of this notification *at this trade* . . . . .

.....

20. Do you wish this notification to be treated as an enquiry whether registration of a contract of apprenticeship will be approved? . . . . .

.....

21. If so, are you in a position to train the minor or prospective apprentice in all the operations prescribed as courses of training for the trade to which you propose indenturing him? . . . . .

.....

22. If not, state —

(a) the operations in which you are unable to instruct the minor or prospective apprentice . . . . .

.....

16. Was sy diens by u aaneenlopend? . . . . .

.....

17. Gee die name van vorige werkgewers en die tydperk wat hy by elkeen van hulle in die bogenoemde bedryf in diens was. In elke geval moet skriftelike bewys van diens aangeheg word . . .

.....

18. Teen watter skaal word hy betaal? . . . . .

.....

19. Vermeld:

(a) *Gemiddelde getal* vakmanne wat gedurende die jongste 12 maande in hierdie distrik *in die betrokke bedryf* by u in diens was . . .

.....

(b) Werklike getal vakmanne *in hierdie bedryf* in diens op die datum van hierdie kennisgewing. . . . .

.....

(c) Getal vakleerlinge *in hierdie bedryf* in diens op die datum van hierdie kennisgewing . . .

.....

(d) Getal nie-ingeboekte persone wat geen vakmanne is nie *in hierdie bedryf* in diens op die datum van hierdie kennisgewing . . . . .

.....

20. Begeer u dat hierdie kennisgewing behandel moet word as 'n navraag of die registrasie van 'n vakleerlingkontrak goedgekeur sal word? . . . . .

.....

21. So ja, kan u die minderjarige of voornemende vakleerling oplei in al die werksaamhede wat voorgeskryf word as opleidingskursusse vir die bedryf waarvoor u hom wil inboek? . . . . .

.....

22. Indien nie, noem—

(a) die werksaamhede waarin u die minderjarige of voornemende vakleerling nie kan oplei nie . . . . .

.....

(b) what arrangements you propose making to cause the minor or prospective apprentice to be trained in those operations . . .

(b) watter reëlings u sal tref sodat die minderjarige of voornemende vakleerling in daardie werkzaamhede opgelei kan word . . .

23. How long have you been an employer in the industry? . . .

23. Hoe lank is u reeds werkgewer in die nywerheid? . . .

24. Are you qualified and personally working as a journeyman in the trade concerned? . . .

24. Het u gekwalifiseer in die betrokke bedryf en werk u persoonlik as vakman daarin? . . .

25. Equipment and tools on hand relevant to the trade in which the minor or prospective apprentice is to be trained (Specify equipment, etc) . . .

25. Watter toerusting en gereedskap het u voorhande betreffende die bedryf waarin die minderjarige of voornemende vakleerling opgelei moet word? (Noem asseblief die toerusting, ens.) . . .

26. Are your premises registered as a factory? If not, why not? . . .

26. Is u perseel as 'n fabriek geregistreer? Indien nie, waarom nie? . . .

The above details are, to the best of my knowledge and belief, correct.

Ek verklaar met my hele kennis en oortuiging dat die bostaande besonderhede juis is.

Date . . . Signature of Employer

Datum . . . Handtekening van werkgewer

NOTE — The school and birth certificates should be attached if you wish this form to be treated as an application to indenture.

LET WEL — Die skool- en geboortesertifikaat moet aangeheg word indien u wens dat hierdie vorm as 'n aansoek om registrasie behandel moet word.

B. To be completed by prospective major apprentice only:—

B. Moet alleen deur voornemende meerderjarige vakleerlinge ingevul word:—

I hereby certify that I have perused Part A hereof and desire to bind myself as an apprentice to (name of employer) . . . in the trade of . . .

Ek sertifiseer hierby dat ek kennis geneem het van deel A hiervan en dat ek wens om myself as vakleerling te verbind by (naam van werkgewer) . . . in die ambag . . .

and that I seek the consent of the registrar of apprenticeship for this purpose.

en dat ek vir hierdie doel aansoek doen om die registrateur van vakleerlinge se goedkeuring.

Date . . . Signature of prospective apprentice."

Datum . . . Handtekening van voornemende vakleerling."

No. AG. 37

1979

NOTICE UNDER SECTION 15(2) OF THE  
APPRENTICESHIP ORDINANCE, 1938  
(ORDINANCE 12 OF 1938)

It is hereby made known in terms of section 15(2) of the Apprenticeship Ordinance, 1938, that the Administrator-General with a view to section 13 of the said Ordinance proposes to substitute the following paragraph for paragraph 1 of the conditions of apprenticeship published by Government Notice R.2473 of 21 December 1973, as amended by Government Notices R.2193 of 22 November 1974, R.2136 of 12 November 1976 and R.1926 of 23 September 1977:

"1. QUALIFICATIONS FOR COMMENCING  
APPRENTICESHIP

(a) The minimum age and educational qualifications for commencing apprenticeship shall be, in the case of a minor —

(i) fifteen years and standard six (ordinary or practical course) for the designated trades Woodmachinist, Signwriter, Plumber, Plumber and Sheet-metal Worker, Bricklayer, Bricklayer and Plasterer, Sheet-metal Worker, Painter and Decorator, Joiner, Carpenter and Carpenter and Joiner in the *Building Industry*; Gentlemen's Hairdresser in the *Hairdressing Trade*; Cabinet Maker, Furniture Machinist and Upholsterer in the *Furniture Industry*; Trimmer, Trimmer (including Spraypainting), Automotive Acetylene and Electrical Welder, Automotive Sheet-metal Worker, Panelbeater, Panelbeater (including Trimming), Panelbeater (including Spraypainting), Spraypainter, Vehicle Body Builder and Vulcaniser in the *Motor Industry*; Boat Builder and Shipwright (wood), Blacksmith, Coppersmith, Plumber, Plumber and Sheet-metal Worker, Patternmaker, Sheet-metal Worker, Welder and Moulder in the *Mechanical and Electrical Engineering Industries*;

(ii) fifteen years and standard seven (ordinary or practical course) for the designated trade Ladies' Hairdresser in the *Hairdressing Trade*;

(iii) fifteen years and standard eight (ordinary or practical course) or National Technical Certificate (Part I) for the designated trades Electrical Wireman in the *Building Industry*; Fuel Injection Mechanic, Diesel Mechanic, Turner (including Machining), Toolmaker, Automotive Electrician, Motor Cycle Mechanic, Automotive Machinist and Fitter,

No. AG. 37

1979

KENNISGEWING KRAGTENS ARTIKEL 15(2)  
VAN DIE VAKLEERLINGE ORDONNANSIE,  
1938 (ORDONNANSIE 12 VAN 1938)

Dit word hierby ingevolge artikel 15(2) van die Vakleerlinge Ordonnansie, 1938, bekendgemaak dat die Administrateur-generaal met die oog op artikel 13 van genoemde Ordonnansie van voornemens is om paragraaf 1 van die voorwaardes van leerlingskap afgekondig by Goewermentskennisgewing R.2473 van 21 Desember 1973, soos gewysig by Goewermentskennisgewings R.2193 van 22 November 1974, R. 2136 van 12 November 1976 en R.1926 van 23 September 1977 deur die volgende paragraaf te vervang:

"1. KWALIFIKASIES OM MET VAK-  
LEERLINGSKAP TE BEGIN

(a) Die minimum leeftyd en opvoedkundige kwalifikasies om met vakleerlingskap te begin is, in die geval van 'n minderjarige —

(i) vyftien jaar en standerd ses (gewone of praktiese kursus) vir die aangewese ambagte Houtmasjineerder, Letterskilder, Loodgieter, Loodgieter en plaatmetaalwerker, Messelaar, Messel- en pleisteraar, Plaatmetaalwerker, Skilder en versierder, Skrynwerker, Timmerman en Timmerman en skrynwerker in die *Bounywerheid*; Manshaarkapper in die *Haarkappersbedryf*; Meubelmaker, Meubelmachineerder en Stoffeerder in die *Meubelmakernywerheid*; Bekleder, Bekleder (insluitende spuitverfwerk), Motorasetileen- en elektriese sweiser, Motorplaatmetaalwerker, Paneelklopper, Paneelklopper (insluitende bekleding), Paneelklopper (insluitende spuitverfwerk), Spuitverfwerker, Voertuigbakkouer en Vulkaniseerder in die *Motornywerheid*; Boot- en skepsbouer (hout), Grofsmid, Kopersmid, Loodgieter, Loodgieter en plaatmetaalwerker, Modelmaker, Plaatmetaalwerker, Sweiser en Vormgieter in die *Werktuigkundige en Elektrotegniese Ingenieursnywerhede*;

(ii) vyftien jaar en standerd sewe (gewone of praktiese kursus) vir die aangewese ambag Dameshaarkapper in die *Haarkappersbedryf*;

(iii) vyftien jaar en standerd agt (gewone of praktiese kursus) of Nasionale Tegniese Sertifikaat (Deel I) vir die aangewese ambagte Elektrotegniese Draadwerker in die *Bounywerheid*; Brandstofinspuitwerktuigkundige, Dieselwerktuigkundige, Draaier (insluitende masjineerwerk), Gereedskapmaker, Motorelektrisiën, Motorfiets-

Motor Mechanic and Tractor Mechanic in the *Motor Industry*; Armature Winder, Fuel Injection Mechanic, Diesel Fitter, Electrician, Electroplater, Tool and Jigmaker, Domestic Radio Serviceman, Domestic Appliances Mechanic, Lift Mechanic, Instrument Mechanician, Boilermaker, Aircraft Electrician, Aircraft Instrument Mechanician, Aircraft Maintenance Mechanic, Aircraft Radiotrician, Motor Mechanic, Fitter and Turner, Fitter (including Machining), Radio and Television Mechanician, Radio and Communications Serviceman, Scale Fitter, Telephone Communications Electrician, Refrigeration Mechanic (Commercial) and Construction Plant Mechanic in the *Mechanical and Electrical Engineering Industries*;

werktuigkundige, Motorvoertuigmasjineerder en -passer, Motorwerktuigkundige en Trekkerwerktuigkundige in die *Motornywerheid*; Ankerwikkelaar; Brandstofinspuitwerktuigkundige, Dieselpasser, Elektrisiën, Elektroplateerder, Gereedskap- en setmaakmaker, Huisradiodiensman, Huis-toestelwerktuigkundige, Hyserwerktuigkundige, Instrumentmeganikus, Ketelmaker, Lugvaartuigelektrisiën, Lugvaartuiginstrumentmaganikus, Lugvaartuigonderhoudswerktuigkundige, Lugvaartuigradiotriciën, Motorwerktuigkundige, Passer en draaier, Passer (insluitende masjineerwerk), Radio- en televisiemeganikus, Radiokommunikasiediensman, Skaalpasser, Telefoonkommunikasie-elektrisiën, Verkoelingswerktuigkundige (handel) en Werktuigkundige (aanlegmasjinerie) in die *Werktuigkundige en Elektrotegniese Ingenieursnywerhede*;

- (iv) sixteen years and standard six (ordinary or practical course) for the designated trades Blacksmith, Plumber, Plumber and Sheet-metal Worker, Bricklayer, Panelbeater (including Spraypainting), Sheet-metal Worker, Painter and Decorator, Upholsterer, Welder, Rigger and Carpenter and Joiner in the *Mining Industry*;
- (v) sixteen years and standard seven (ordinary or practical course) for the designated trade Letterpress Machine Minder in the *Printing Industry*;
- (vi) sixteen years and standard eight (ordinary or practical course) or National Technical Certificate (Part I) for the designated trades Bookbinder, Compositor, and Compositor (including Machine Minding) in the *Printing Industry*; Fuel Injection Mechanic, Diesel Fitter, Diesel Mechanic, Electrician, Domestic Radio Serviceman, Boilermaker, Automotive Electrician, Motor Mechanic, Fitter and Turner, Fitter (including Machining) and Radio Communications Serviceman in the *Mining Industry*; and
- (b) the minimum educational qualifications for commencing apprenticeship shall be in the case of a major —
- (i) standard seven for the designated trade Electrical Wireman in the *Building Industry* and the designated trade Electrician in the *Mining Industry* and the *Mechanical and Electrical Engineering Industries*; and
- (iv) sestien jaar en standerd ses (gewone of praktiese kursus) vir die aangewese ambagte Grofsmid, Loodgieter, Loodgieter en plaatmetaalwerker, Messelaar, Paneelklopper (insluitende spuitverfwerk), Plaatmetaalwerker, Skilder en versierder, Stoffeerder, Sweiser, Takelaar en Timmerman en skrynwerker in die *Mynnywerheid*;
- (v) sestien jaar en standerd sewe (gewone of praktiese kursus) vir die aangewese ambag Hoogdrukpersbediener in die *Drukkersnywerheid*;
- (vi) sestien jaar en standerd agt (gewone of praktiese kursus) of Nasionale Tegniese Sertifikaat (Deel I) vir die aangewese ambagte Boekbinder, Lettersetter en Lettersetter (insluitende masjienbediening) in die *Drukkersnywerheid*; Brandstofinspuitwerktuigkundige, Dieselpasser, Dieselwerktuigkundige, Elektrisiën, Huisradiodiensman, Ketelmaker, Motorelektrisiën, Motorwerktuigkundige, Passer en draaier, Passer (insluitende masjineerwerk) en Radiokommunikasiediensman in die *Mynnywerheid*; en
- (b) die minimum opvoedkundige kwalifikasies om met vakleerlingskap te begin is, in die geval van 'n meerderjarige —
- (i) standerd sewe vir die aangewese ambag Elektrotegniese Draadwerker in die *Bounywerheid* en die aangewese ambag Elektrisiën in die *Mynnywerheid* en die *Werktuigkundige en Elektrotegniese Ingenieursnywerhede*; en



(ii) standard six for all other designated trades.”.

All interested persons who have any objections against the above proposals are called upon to lodge such objections, in writing, with the Secretary, Central Apprenticeship Committee, P.O. Box 1885, Windhoek, within 14 days from the date of publication of this notice.

(ii) standerd ses vir alle ander aangewese ambagte.”.

Alle belanghebbende persone wat enige besware teen bostaande voorneme het, word aangesê om sodanige besware binne 14 dae vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing skriftelik in te dien by die Sekretaris, Sentrale Vakleerlingkomitee, Posbus 1885, Windhoek.